# Heilbron Herald

WEEK 11 Deel 111
VRYDAG - 20 MAART 2020

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)



Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK





# Cheers , maar ses-uur moet jy uit !

Die regering het Woensdag afgekondig dat alle restaurante, kroeë, klubs en sjebeens wat drank verkoop om 18:00 moet sluit. 'n Bejaarde het droog opgemerk dat dit byna voel soos die apartheidsjare. Dit gaan vir sommiges dalk soos huisarres voel. Die impak van die Carona-virus het wêreldwyd 'n groot impak op die ekonomie, maar dit laat die mensdom anders dink oor alles wat gewoonlik as gegewe aanvaar word. Bewusmaking is nie net die regering se plig nie, maar elkeen het 'n verantwoordelikheid teenoor homself en die publiek.

**VIR ENIGE HULP OF NAVRAE SKAKEL COVID-19 HULPLYN 0800 029 999**

# Vrouekonferensie hierdie jaar op Heilbron

Op 14 Maart douvoordag is vroue van Reitz, Koppies, Petrus Steyn, Oranjeville en Heilbron NG-gemeentes begroet vir die jaarlikse Ringskonferensie, hierdie jaar deur Heilbron-gemeente as gasvrou. Buite in die tuin is gaste verras met versierings in die bome en tafels vol lekkernye, mooi juwele, linne, kerse, handsakke, tafellopers en vele meer. Heerlike verversings is bedien waarna al die vroue verwelkom is deur Wendy Roos en die vergadering geopen is deur Ds. Tiaan Victor. Oud-predikantsvrou van Heilbron Moeder-gemeente, Ronel Burger, tree op as spreker by die geleentheid met die tema: Hoe hou ek geloof en hoop. Elke gas het 'n mooi gedrukte glansleêr ontvang met die dag se program en meer.

Die konferensie is afgesluit met 'n heerlike middagete. Baie dankie aan almal wat hierdie dag vir ons so 'n groot sukses gemaak het.







# Reitz Boervrou finalis

Dit is seker die eerste keer dat die Oos Vrystaat en veral Reitz, kan spog om te sê dat 'n Boervrou van die omgewing aangewys is deur Vrystaat Landbou as een van van die kandidate vir die jaarlikse Jongboer van die Jaar kompetisie. Annalea van Niekerk van Reitz het 'n passie vir boer en is in die besonder trots op haar Sussex beeste. In haar onderhoud met Vrystaat Landbou stel sy dit duidelik dat hoe belangrik dit is vir boere om in Suid Afrika te bly en nie 'n beter heenkome elders te gaan soek nie. Haar plig is duidelik hier en sy wil 'n verskil maak in haar eie land. Sonder om paniek te saai en in 'n poging om die verspreiding van COVID-19 te probeer beperk, het die Dagbestuur van Vrystaat Landbou(VL) op 16 Maart 2020 vergader en as gevolg van sy verantwoordelikheid teenoor sy personeel, bestuur, lede en hulle werknemers besluit om alle byeenkomste wat vir die volgende 30 dae beplan was, uit te stel. Die Jongboer Konferensie en Funksie vir 7 April 2020 is ook deur die besluit geraak. VL sal weer na 30 dae die besluit heroorweeg.





*Foto erkenning: Facebook*


FRANKFORT VEILING

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**
**Elke Donderdag te Royal Auction Centre**



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

# Heilbron Clinic - News

## TB Awareness

**Know the signs of TB**
• Coughing for two weeks or more
• Sweating at night
• Loss of weight
• Loss of appetite
• Tiredness
If you have any of the above signs visit your nearest clinic for a FREE TB test and treatment

**If you have TB**
• test for HIV
• TB is fully curable even if you are HIV-positive
• It does not mean you are HIV-positive

**TB & HIV**
If you are HIV-negative, you have a 10% chance to contract TB in your lifetime
If you are HIV-positive, there is a 10% chance every year, that you will contract TB
Early detection and treatment of TB help prolong the life of people fir HIV or **AIDS**
If you are HIV-positive
HIV attacks the body's immune system and makes you more likely to contract infections. One of the common infections you can contract, is TB – therefore know the signs of TB.
• You should be regularly screened for TB at your nearest clinic
• TB in HIV-positive people, may be present outside the lungs
• TB is fully curable even if you are HIV-positive

**Healthy Living**
• Eat a balanced diet containing starch, proteins, vegetable and fruits
• Drink at least 8 glasses of water per day
• Exercise and be active
• Practice safe sex





Heilbron Clinic Personel and Health Committee Members involved with the TB Awareness Day.

# Menseregtedag 21 Maart

***Môre word menseregtedag in Suid-Afrika gevier. Weet jy wat dit regtig beteken?***

Menseregtedag is 'n dag wat die regte van mense gedenk. In sommige lande, soos Suid-Afrika, word dit as 'n openbare vakansiedag gevier. Die dag in Suid-Afrika word jaarliks op 21 Maart gevier, onder andere ook ter nagedagtenis aan die Sharpeville-slagting. Die eerste Menseregtedag in Suid-Afrika is op 21 Maart 1995 gevier. Menseregtedag, soos deur die Verenigde Nasies ingestel, word in die res van die wêreld op 10 Desember gevier. Die Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte stel dit as volg: "Alle menslike wesens word vry, met gelyke waardigheid en regte, gebore. Hulle het rede en gewete en behoort in die gees van broederskap teenoor mekaar op te tree." Menseregte verwys egter na die basiese regte en vryhede waarop alle mense geregtig is. Menseregte word dikwels geag dat dit die reg tot lewe en vryheid, vryheid van denke en uitdrukking asook gelykheid voor die reg insluit.

Pandemonium heers op 21 Maart 1960 in die swart woonbuurt Sharpeville, naby Vereeniging in die gewese Transvaal. Die polisie begin skiet nadat duisende ontevrede swartmense ure lank om die polisiekantoor saamgedrom het. Die skare het begin vlug en toe die skietery ophou, word die nasleep daarvan duidelik. Dooies en gewondes lê gesaai oor die gebied. As deel van die bevrydingstryd van die Suid-Afrikaanse swartmense, is hierdie een van die tragiese hoogtepunte van die "Struggle". Die onmin was gemik op die gehate "passe" – identiteitsdokumente wat alle swartmense gedurig by hulle moes hê en hulle kon gearresteer word as hulle dit nie kon toon nie. Al word menseregtedag elke jaar ter herdenking van Sharpeville gevier, is dit nog 'n stap nader aan die ideaal om Suid-Afrikaners bewus te maak van hul menseregte en dat die gruwelike vergrype van die verlede nooit weer toegelaat moet word nie. Deur terug te kyk na dié dag, help ons onthou hoe belangrik respek, deernis en begrip vir mekaar in ons samelewing se vredevolle voortbestaan is.

Menseregte sluit sekuriteitsregte in wat misdade soos moord, "gedwonge" onwillige selfmoord, menseslagting, marteling en verkragting verbied; beskerming van vryheid op gebiede soos gewetensvryheid en geloof, assosiasie, samekoms en beweging; politieke regte en vryheid om aan politiek deel te neem deur mense toe te laat om hulself uit te druk en te protesteer.

Nelson Mandela het verwys na: "No one is born hating another person because of the colour of his skin, or his background, or his religion. People must learn to hate, and if they can learn to hate, they can be taught to love, for love comes more naturally to the human heart than its opposite."



*Hiermee wil Heilbron Kliniek die span munisipale werkers bedank vir die skoonmaak en versorging van die terrein rondom die kliniek. Ons waardeer dit baie!*

# Het jy geweet ?...

Is die suiker in vrugte sleg vir ons?



Die suiker in vrugte is meestal fruktose en glukose. Glukose is die voedingsmolekule en kan direk deur die selle in u liggaam gebruik word. Fruktose moet egter in glukose omgeskakel word voordat dit gebruik kan word. Dit gebeur in die lewer, maar daar is 'n beperking op hoe vinnig die lewer fruktose kan verwerk. As dit oorlaai is, sal dit die fruktose in vet omskakel - so hoë-fruktose diëte is geneig om u vetsugtig te maak. Maar verbasend genoeg is 'n dieet wat ryk is aan vars vrugte nie 'n hoë-fruktose dieet nie. Dit is omdat vrugte baie vesel en water bevat wat jou spysvertering vertraag en jou vol laat voel. In werklikheid het navorsing bevind dat appels en lemoene van die mees vullende kosse per kalorie is - hoër as biefstuk of eiers. Alhoewel 'n medium appel 19g suiker bevat, insluitend 11g fruktose, sal jy agterna minder honger voel as jy dieselfde hoeveelheid suiker uit 'n gaskoeldrank gehad het om te drink (ongeveer 'n halwe blikkie Coke). Dit is amper onmoontlik om te veel suiker uit vars vrugte te kry, maar dit is egter nie van toepassing op vrugtesap of droëvrugte nie.

# Briewe aan: Redakteur

*Die volgende skrywe is ontvang van Ebeth Müller van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.*

**'n Gelowige skryf:**
**(Skrywer onbekend)**

• 'n Tempel het Hy nooit gebou nie, tog is daar vandag geen land waar mense nie aanbiddend voor Hom staan nie.
• 'n Boek hy Hy nooit geskryf nie, maar mense lees in duisende tale oor sy woorde, dade, gebede.
• Hy het geen boedel nagelaat nie. Tog is miljoene oor die wêreld die erfgename van Sy rykdom.
• Hy het mense sonder medisyne gesond gemaak en boonop niks vir Sy dienste gevra nie.
• Hy het nooit 'n kollege of universiteit opgerig nie, maar al die inrigtings tesame kan nie spog met meer studente as wat Hy het nie.
• Hy het nooit sielkunde bestudeer nie, maar meer gebroke harte geheel as ál die wêreld se sielkundiges.
• Toe Hy 'n baba was, het Hy 'n koning ontstel.
• Toe Hy 'n kind was, het Hy geleerdes verstom.
• Toe Hy 'n man was, het Hy almal om Hom verstom.
• Hy het die natuur getem.
• Hy het op die golwe geloop en die storm stilgemaak.
• Hy het siekes gesond gemaak, dowes weer laat hoor, blindes laat sien en dooies weer laat lewe.
• Toe Hy gekruisig is, het Hy uit die dood opgestaan en vandag ken ons Hom as ons Heer, Verlosser en Saligmaker.

*Ons sê: Dankie, Vader - vir U liefde, vir U Seun, Jesus Christus.*

---

*Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.*

**Handel met takt. (Spreuke 3: 21-24)**

Een van die woordeboeke beskryf takt as 'n "fyn gevoel," 'n vinnige begrip vir iemand anders se gevoel" en die vermoë om die regte ding te sê of te doen wanneer die gevaar bestaan dat iemand kwaad, beledig of seergemaak kan word. As daar nou een ding is wat mense nodig het, dan is dit juis hierdie deug. Sit net in 'n gesprek en luister na wat huweliksmaats, vriende, ouers en kinders, onderwysers en kinders vir mekaar sê, en u sal saamstem, dat ons baie keer nie eers die basiese beginsel van 'n fyn aanvoeling vir mekaar het nie. Dit gaan hier nie net oor die verkeerde woord vir die verkeerde persoon (die ouer sê bv. vir hulle dogter voor haar maats, dat sy iets aan gewig moet doen nie), maar ook oor regte woorde op die verkeerde tyd soos wanneer ons:
• Nie luister wat iemand vra nie, omdat ons klaar op die antwoord besluit het.
• Te veel praat by iemand in nood terwyl ons eintlik net moet luister.
• Iemand wil troos na 'n verlies, terwyl die persoon nog tyd wou hê om te rou. Ons ondervinding aan iemand wil opdring as die antwoord vir sy probleem. So kan ons aangaan en nog voorbeelde noem van geleenthede waar ons nie taktvol was nie, of soms onsimpatiek was. Hier was die Here Jesus vir ons 'n voorbeeld met Sy omwandeling op aarde. Teenoor elkeen in nood was Hy taktvol en simpatiek.

*Bron: Dr Johan Pienaar. Ingestuur deur Heléne.*

# Leandri Fourie verskyn in tydskrifte



Op die foto: Leandri Fourie se foto in PPMC Magazine. Foto krediet aan Dawie & Rene Fourie Fotografie.

Dogter van Dawie en René Fourie leef haar drome uit as model en verskyn in verskeie tydskrifte. PPMC is 'n aanlyntydskrif waar modelle, fotograwe, ontwerpers, haar- en grimeerkunstenaars hulle werk kan vertoon. Hulle stel ook aktrise, sangers en dansers voor aan die lesers. Hierdie is 'n platform waar mens jou talente kan deel met die res van Suid-Afrika. In dié April 2020 uitgawe, nou aanlyn beskikbaar, vier PPMC hul eerste verjaarsdag.

Leandri verskyn in PPMC op bladsy 93 waar sy meer inligting oor die ingeskrewe foto én haarself met die publiek deel. Leandri vertel meer oor haar passie vir modelwerk oor die afgelope ses jaar. Sy is mal daaroor om voor 'n kamera te verskyn en hierdie 14-jarige Heilbronmeisie het nog groot planne vir die toekoms. Sy verskyn nie net in die PPMC nie, maar kan ook gesien word in die Young Model Magazine (Issue 3, Volume 4. 2020) op bladsy 76-77 wat 10 Maart 2020 uitgegee is. Leandri het ook huidiglik die titel as Miss. Jnr. Teen Free State 2019 verower en benader alles wat sy doen met 'n kreatiewe oog.

# Dienssentrum sluit af vir kwartaal




Die Dienssentrumlede het as deel van die kwartaal se afsluiting, die rolprent Susanna van Biljon, vreeslik geniet. Dit is 'n romantiese drama wat op 23 September 2010 vrygestel is en beroemde kunstenaars soos Anna Davel, Kurt Darren en Karen Zoid insluit. Die rolprent handel oor Susanna van Biljon (vertolk deur Karen Zoid), 'n 40-jarige oujongnooi wat steeds by haar ma in die huis bly, maar haar grootste droom is om eendag te sing. Rolprent, aksie... springmielies, lekkers, koekies, koeldrank en tee en koffie was beskikbaar vir die wat daarvoor lus was op dié herfsdag, 17 Maart. Op 18 Maart sluit die kwartaal amptelik af met 'n paar potte jukskei en heropen weer DV op 6 April met 'n bestuursvergadering.


**Caxton offers support to Black owned small media agencies.**

Caxton & CTP Publishers and Printers and its subsidiaries – one of South Africa's largest media groups - offer small advertising agencies an opportunity like no other.

Qualifying Small Agencies* can now benefit from a 25% bonus allocation of advertising space when booking print media advertisements in Caxton publications including 12 national and 14 local magazines, Ramsay magazines, The Citizen newspaper and more than 140 local newspapers.**

**This offer emanates from an agreement between the Competition Commission of South Africa and Caxton and is scheduled to run until February 2021.**

To register as a beneficiary of this offer, visit www.applyforsma.co.za and follow the online instructions after consulting the terms and conditions referred to above.

For more information, contact SPARK Media on 010-492-8391.

CAXTON&CTP publishers & printers LIMITED

*"Qualifying Small Agencies" means those agencies (i) which meet the criteria set out in the Broad Based Black Economic Empowerment Act 53 of 2003 and the codes of good practice issued thereunder; (ii) that place less that R50 million worth of advertising a year with any one or more media owners; and (iii) that are majority owned by Black People.

** Terms and conditions apply. These can be found at www.applyforsma.co.za. The offer is subject to a total annual advertising space cap of R15 000 000. The bonus advertising space may be utilised at the reasonable discretion of Caxton, subject to space availability.





# WOORDE



**DAAR IS EEN PERSOON MET WIE EK DAAGLIKS TE DOEN KRY WAT DIT VREESLIK GENIET OM HAAR EIE STORIES OP TE MAAK**. Sy vertel dat sy al vroeg-vroeg op kantoor is, maar gewoonlik is sy net 'n kortkop voor my by die werk. Sy vertel van hierdie siekte of daardie skeet wat sy gehad het, maar haar kollega, wat al jare saam met haar werk, wis van niks. Sy vertel verlede week van 'n skitterende werksgeleentheid wat 'n familielid gekry het, sy noem die salarisskaal en waar die kantore geleë is en ek voel hoe die kwyl uit my mond loop. Ek vra haar vroeër dié week of hy wel die werk gaan aanvaar en toe verklap sy dat hy nou eers genooi is vir die onderhoud.

Die ander dag vertel ek vir haar iets wat ek op die internet raakgelees het, die volgende dag sit ek, sy en ons baas daaroor gesels, sy vertel dit oor, alle krediet natuurlik aan haarself. Op die daad vererg ek my liederlik. “Ag, is nie man, ek het jou dit gister vertel.” Ek sien hoe sy kleur op kleur raak, maar gaan voort met die gesprek. Vandat ek van haar “grootpratery” bewus geword het, kom ek agter hoe sy meer en meer bolle nonsens kwytraak. Die probleem is: wanneer kan ek haar glo en wanneer nie?

**DIT IS SOOS DIE ALLEGORIE WAT EK VANMIDDAG WEER GEHOOR HET.** 'n Ou tante op die dorp vertel altyd baie stories waarvan meeste onwaar is. Die dominee kom sit eendag met haar en gesels. “Het tante verekussings?” Die tante is natuurlik uit die veld geslaan, want dominees gesels mos nie eintik oor bedsake met huisbesoek nie. “Ja, dominies, maar hoekom?” “Tante, as ek nou daai verekussing vat en dit lekker oppof, dan is dit mos nou groter as wat dit was?” Die tante kyk verward. “Ja, dominies, jy lieg mos nou glad nie.” “Nou tante, kyk. As ek nou daai verekussing vat en daar bo na die koppie toe stap op 'n winderige dag en 'n gat in die verekussing steek…” “Ja, dominies, wat gaan jy met die stukkende kussing maak?” “Waar gaan die vere heen, tante?” “Wel, dit fladder mos maar soos gansvere fladder, die hele liewe wêreld vol.” “Presies, tante, dit is wat met ons stories ook gebeur.” “Hoe nou, dominies?” “Ons los woorde in die lug. Sommige is waar en ander is onwaar. Ons los dit sodat dit deur die wind verwaai kan word. Wanneer ons egter agterkom dat ons woorde seergemaak het of dat ons eerder ons woorde wil terughê, sodat ons kan regstel wat verkeerd is, kry ons nooit weer die woorde bymekaargemaak nie. Dan is dit soos die vere uit die verekussing: die hele wêreld vol.” Die tante het lank gedink en later wel agtergekom presies wat die dominee bedoel het.

**DIE PERSOON WAT DIT VANDAG WEER VIR MY VERTEL HET, HET OOK DIE STORIE VERTEL VAN DIE SEUN WAT GLAD NIE SY HUMEUR KON BETEUEL NIE.** Sy pa het elke dag geduldig na hom gesit en luister wanneer hy almal en alles gevloek en geskree het net omdat die seun frustreerd was. Die pa het vir hom 'n sakkie spykers en 'n hamer gegee. “Goed seun, elke keer wanneer jy weer so vloek en skree, gaan slaan een spyker in die hout heining agter die erf.” Die dae het verbygegaan, en die seun het agtergekom dat hy iets aan sy humeur moes doen, anders gaan dit hom duur te staan kom. Hy het by sy pa gaan kers opsteek.

“Nou, my seun,” verduidelik die pa geduldig, “gebruik jy die agterkant van die hamer en gaan trek elke keer 'n spyker uit die heining wanneer jy nie kwaad word soos wat jy gewoonlik gedoen het nie.” Dit het drie keer so lank gevat om al die spykers uit te trek as wat dit geneem het om dit in te slaan. Uiteindelik neem hy eendag sy pa aan die hand en gaan wys vir hom dat al die spykers uitgetrek is. Die pa gly sy hand oor die heining maar voel nog die gaatjies van die spykers. Die seun het gewonder wat sy pa dan nou doen? “Jy sien, my seun, elke keer wanneer jy iets sê wat eerder moes gebly het, is dit soos om 'n spyker in 'n stuk hout te slaan. Wanneer jy uiteindelik eendag om verskoning vra, is dit soos om die spyker uit te trek.” “Maar die gat bly vir ewig daar.”

Toe ek dié twee stories hoor, het ek niks gesê nie, want dit is nie nét die kollega wat ek genoem het, wat vere rondgooi en spykers inslaan nie. Dis ek ook.

Kies vandag jou woorde met groot omsigtigheid.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Vyfde Lydensweek**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
Sin Kol: Bedieningsfonds
Blok 2

**NG SUID**
**Vyfde Lydensweek**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 3 & 4

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Vyfde Lydensweek**
**Sondag:** 10:00 Erediens

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel,
**Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

## Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz


*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

## Heilbron Dienssentrum

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
10:00 - EKO-program
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



## RIEMLAND MUSEUM TYE
**VRYDAE 09:00 - 13:00**


Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

## Biblioteek Tye
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.




DONT DELAY
SHOP NOW
SAVE TODAY
17 March - 22 March 2020
The Dish that does it all
COOK STORE WASH FREEZE
SHOP
COLLECT
15 STICKERS.
SAVE 55%
SPAR
Catmor Adult Food Assorted Flavours 4kg
Store price 89.99
₹20 off
₹69.99
SPAR French Polony 2 kg
29.99
Excella Sunflower Oil 2 litre
Store price 36.99
₹2 off
₹34.99
Excella Long Grain Parboiled Rice 2 kg
19.99 each
Nescafé Ricoffy (excl. Decaf) 750 g and Nestle Cremora 750g
COMBO
Buy Both For 100.00
₹10 off
₹90.00
SPAR 100% Fruit Juice Blend 1.5 litre
23.99 each
Rhodes Quality 100% Juice (Assorted) 2 litre
29.99 each
Sunlight Auto Washing Powder 2 in 1 3kg
49.99
SaveMor Toilet Tissue 1 Ply 300 Sheets 10s
17.99
My Produce
Bonnita Bulk Gouda or Cheddar
64.99 per kg
*Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.
SJ40803
Specials available at selected SPAR, SUPERSPAR AND KWIKSPAR stores, while stocks last.
We reserve the right to limit quantities. Prices include VAT.

# Voltooi Sterkfonteindam-myl



*Adriaan en Johanné Bonthuys van Hoërskool Reitz het die Sterkfonteindam se myl voltooi op 29 Februarie te midde van gure weer.*

# Verteenwoordig Vrystaat Atletiekkampioenskappe



*Twaalf hoërskool atlete van Hoërskool Reitz het aan die Vrystaat Atletiekkampioenskappe op Sasolburg deelgeneem. Hulle is voor vl: Aluschka Heymans - 1ste in 5 000m Stap D 0/17, Aflosspan D 0/19, Luan Strauss - Spiesgooi S 0/16, Anica Wapenaar - Aflosspan D 0/19, Johanné Bonthuys - Aflosspan D 0/19, 100m Hekkies en Verspring D 0/17, Carlize de Bruyn - Aflosspan D 0/19, 5de in 200m D 0/17, Wiroeske de Wet - 6de in Spiesgooi en Hamergooi D 0/17. Agter vl: Jessica van der Walt - Gewigstoot D 0/15, Wian Nel - Gewigstoot S 0/14, Hennie de Wet - 5de in 400m Hekkies S 0/17, Jehoshua de Bruyn - Diskus S 0/15, Megan Kruger - 6 de in Hamergooi en 4de in 5000m Stap D 0/15 en Johanné Neethling - 90m Hekkies en 300m Hekkies D 0/15.*

# Presteer puik tydens kampioenskappe



*Aluschka Heymans, graad 11-leerder van Hoërskool Reitz het 'n puik eerste plek behaal tydens die Vrystaat Atletiekkampioenskappe op Sasolburg. Hierdie 0/17 atleet se spogitem is die 5000m Stap.*



*Tydens die Vrystaat Laerskole Kampioenskappe in Bloemfontein het Suné Hills puik presteer tydens die Verspring D 0/12. Hierdie graad 6-leerder van Hoërskool Reitz het die goue medalje verower met 'n afstand van 4,50m.*

# Heilbron se trots op Vrystaatbyeenkoms



***PRIMÊRE ATLETIEK 2020:*** *Hoërskool Heilbron se atlete het Saterdag, 14 Maart uitstekend gevaar by die Laerskool Vrystaat Atletiekbyeenkoms in Bloemfontein. Drie van die atlete is ingesluit in die Vrystaatspan wat gaan deelneem aan die SA Kampioenskappe in Bloemfontein. Die kompetisie is tot verdere kennisgewing uitgestel weens die Covid-19 virus. Aldi Strydom, D 0/11 Gewigstoot, het Saterdag nie net 'n goue medalje verower nie, maar 'n nuwe Vrystaatrekord opgestel. Die ou rekord was 11.66m, sy stoot 'n uitstekende 12.30m. Sy is ook aangewys as die beste dogters veldatleet by die byeenkoms. Lourens Roux S 0/12 Diskus, Tiaan Britz S 0/13 Spiesgooi, Diskus en Gewigstoot. Tiaan verower 3 brons medaljes by die byeenkoms en is vir 'n 4de opeenvolgende jaar ingesluit by die Vrystaatspan.*

# Presteer tydens Thabo Mofuysanyana Atletiek



*Nege atlete van Hoërskool Reitz het puik presteer tydens die Thabo Mofuysanyana Atletiekbyeenkoms op Bethlehem. Hulle is voor vl: Wian Neethling - 4de in 150m Hekkies S 0/12, Gerné Potgieter - 2de in 1200m D 0/10, Lindokuhle Thabethi - 3de in Gewigstoot D 0/10, Maverick Nagel - 3de in 70m Hekkies S 0/10. Links agter: Gideon du Toit - 2de in 1500m Stap S 0/13, Jason Claassens - 1ste in Gewigstoot S 0/11, Suné Hills - 2de in Verspring D 0/12, 3de in 75m Hekkies D 0/12, 4de in 150m Hekkies D 0/12, Adriaan Bonthuys 3de in Verspring en 200m Hekkies S 0/13 en Gerhard Tesner 4de in Hoogspring S 0/12. Al nege die atlete het deurgedring na die Vrystaat Kampioenskappe in Bloemfontein.*







SPAR

KOOP | VERSAMEL | SPAAR
55% OP DIE PYREX® REEKS



KOOP
KRY 'N PLAKKER VIR ELKE R100 WAT JY SPANDEER

VERSAMEL
15 PLAKKERS EN VOLTOOI JOU VERSAMELKAART

SPAAR 55%
WANNEER JY 'N PYREX® SKOTTEL KOOP

Die Skottel wat alles doen

+300 °C KOOK + MIKROGOLF-BESTAND BERG + SKOTTELGOEDWASSER-BESTAND WAS + -40 °C VRIES

PYREX

**Promosie begin 10 Maart en eindig 14 Junie 2020. Voltooide versamelkaarte kan tot 28 Junie 2020 ingeruil word.**
Plakkers kan by enige SPAR-, SUPERSPAR-, KWIKSPAR-, SPAR MINI-, SAVEMOR-, EXPRESS- en TOPS at SPAR-winkel versamel word. PYREX® skottels kan slegs by SPAR-, SUPERSPAR-, KWIKSPAR-, SPAR MINI-, SAVEMOR- en EXPRESS-winkel verhaal word. Winkels in KZN en die Wes- en Oos-Kaap uitgesluit.

# Verteenwoordig Mortimer-sportdag op Reitz








*Die volgende rugby-en netbalspanne van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het aan die Mortimer-sportdag op Reitz deelgeneem.*

## KENNISGEWING

Form JJJ

### LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **TE 25566/1998** passed by Heilbron/Phiritona Plaaslike Oorgangsraad in favour of **DLAYEDWA JAMES MTSHALI** in respect of certain **ERF 611, PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at **BLOEMFONTEIN** within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at Heilbron this 20th day of March 2020.

**APPLICANT:**
**VAN DER MERWE & PARTNERS INC. ATTORNEYS**
**ADDRESS:**
**47 ELS STREER, P.O. BOX 58, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL ADDRESS:**
**merlaw@phillaw.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2041**




**Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.**
Besoek ons ook vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...

## BETREKKING

**BETREKKING VAKANT**

**CORNELIUS & VENNOTE PROKUREURS**

Benodig die dienste van 'n

**ONTVANGSDAME**

Met rekenaarvaardigheid, tik, algemene ontvangs & sekretariële ondervinding vir diensaanvaarding so spoedig moontlik.

**Stuur volledige CV na Mev A Schutte**
**E-pos** amanda@corven.co.za
**Faks: 058 852 1838**

## BEDANKING

### JUAN JANSEN VAN RENSBURG

*Ek het jou by jou naam geroep, Jy is myne*
*Jesaja 43.1*



Ons woorde is min.
Baie baie dankie vir al die gebede, besoeke, oproepe, boodskappe, blomme, iets te ete, LIEFDE EN OMGEE.
Min het ons geweet hoeveel mense vir ons omgee.
Julle dra ons elke dag.
Juan, jy was maar 12 jaar oud maar jy het 'n groot indruk in hierdie wêreld gemaak. Ons dank God elke dag vir die voorreg om jou te kon hê. Al was die tydjie min, was jy 'n groot voorbeeld vir ons almal.
***Rus sag my seun, jy sal vir ewig in my hart wees.***
***Al ons liefde Pappa, Mamma, Sussa, Oupas en Oumas.***

# Heilbron wen Vanderbijl in naelbyt wedstryd

Heilbron klop Vanderijlpark met 12 lopies in 'n naelbyt wedstryd om die semi-finaal te haal in die Vaaldriekhoek T20-reeks.

Heilbron kon slegs 100 lopies aanteken met die kolf danksy goeie boulwerk deur Vanderbijlpark. Heilbron het met uitstekende veldwerk en boulwerk,Vanderbijlpark uitgehaal om die wedstryd te beklink. Rudie Bruwer, speler van die wedstryd, was die doring in die vlees vir Vanderbijlpark, met 5 paaltjies vir 29 lopies, een vang skoot en 'n uitstekende uithardloop. Die Semi-finaal en finaal word gespeel in Sasolburg by DP de Villiers-stadium die 28ste Maart.

| BOWLER | O | M | R | W |
|---|---|---|---|---|
| Theuns Botha | 4 | 0 | 23 | 1 |
| Oneeb Arshad | 4 | 0 | 24 | 1 |
| Rudie Bruwer | 4 | 0 | 29 | 5 |
| Wikus van Wyk | 1 | 0 | 10 | 0 |
| Ifran Arshad | 2.2 | 1 | 2 | 2 |






# GEKLASSIFISEERD
*Smalls*

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140 www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 20 Mrt. | 13 / 26 | Warm |
| Sa 21 Mrt. | 14 / 24 | 50% kans vir laatmiddag buie |
| So 22 Mrt. | 14 / 24 | 50% kans vir donderbuie |
| Ma 23 Mrt. | 14 / 28 | 59% kans vir donderbuie |
| Di 24 Mrt. | 13 / 25 | 69% kans vir donderbuie |
| Wo 25 Mrt. | 13 / 24 | Gedeeltelik bewolk |
| Do 26 Mrt. | 13 / 26 | Gedeeltelik bewolk |
| Vr 27 Mrt. | 13 / 27 | Gedeeltelik bewolk |
| Sa 28 Mrt. | 13 / 27 | Warm |
| So 29 Mrt. | 13 / 27 | 45% kans vir reën |
| Ma 30 Mrt. | 13 / 27 | 72% kans vir reën |

## KENNISGEWINGS

### NG Gemeente Koppies-Weltevrede Paaskonferensie 2020

**PREDIKER:**
**Riekert Botha**
**SANGDIENS:**
**Oscar Ehrensperger**
**WAAR:**
**NGK Koppies-Weltevrede**
**WANNEER: 10 - 12 April**

***Kontak Linda Beukes***
***Weeksdae 08:00 - 12:00***
***064 783 2948***
***of E-pos: ngweltevrede@carfone.net***

Etes kan bespreek word: Ontbyt gratis, Middagete R40, Aandete R30
**Moet bespreek word voor 25 Maart. Gratis verblyf kan gereël word indien daar voor 1 April bespreek word.**

### KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE LEFU PETRUS MOCHOENENG,** Identiteitsnommer: 690818 5433 081 in lewe 'n toesighouer woonagtig te Erf Nommer 2671, Mamafubedu, Petrus Steyn, 9640, getroud binne gemeenskap van goedere met **ELISA MOCHOENENG,** Identiteitsnommer: 680817 0397 08 7.
**DATUM VAN AFSTERWE: 11 JANUARIE 2020**
**BOEDELNOMMER: 001426/2019**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## JAARBEPLANNER 2020

**MAART**
**24 Mrt.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30.

**APRIL**
**4 April** Kannie Warries Dansorkes - Klipkerkie
**9 April**
AGS Kerk - Pasga-ete
**15-17 April**
Hoërskool Heilbron Revue

**MEI**
**2 Mei** AGS Kerk - Kermis
**8 Mei** NG Moedergemeente Visete
**12 tot 15 Mei** Nampo
**26 Mei** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30

**JUNIE**
**6 Jun.** AP Kerk - Basaar
**26 Jun.** AGS Kerk - Pannekoek verkoping

**JULIE**
**25 Jul.** AGS Kerk- Potjiekos
**28 Jul.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30
**31 Jul.** BoereTreat


**AUGUSTUS**
**1 Aug.** BoereTreat

**SEPTEMBER**
**22 Sept.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30
**29 Sept.** Blyweesfees - NG Suidgemeente

**OKTOBER**
**31 Okt.** AGS Kerk - Pik-en-Proe ete

**NOVEMBER**
**24 Nov.** Bloedskenk - NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30

## DIENSTE




### KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE HENRIETTA STRYDOM,** Identiteitsnommer: 611127 0083 08 1 in lewe 'n huisvrou woonagtig te SONSKYNVILLA Nr 1, BETHLEHEM, 9701, getroud binne gemeenskap van goedere met **JOHANNES FRANS STRYDOM,** Identiteitsnommer: 600626 5027 08 7.
**DATUM VAN AFSTERWE: 25 OKTOBER 2017**
**BOEDELNOMMER: 10963/2017**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal Lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te BETHLEHEM vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
Kennisgewing vir publikasie: 20 Maart 2020
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

### KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE GEORGINA FREDERIKA VAN WYK,** Identiteitsnommer: 390828 0019 085 in lewe 'n huisvrou woonagtig te Uniefeesstraat 39, Reitz, 9810, Ongetroud.
**DATUM VAN AFSTERWE: 22 MAART 2019**
**BOEDELNOMMER: 002843/2019**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te BETHLEHEM vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
Kennisgewing vir publikasie: 20 Maart 2020
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

### ESTATE NOTICE

In the Estate of the Late **JACOBUS MARTHINUS JANSE VAN RENSBURG,** Identity Number 500726 5019 083, married out of Community of Property, of Lipton Farm, Lindley District, who was born on 26 July 1950 and who died at **BETHLEHEM** on **3 NOVEMBER 2018.**
**ESTATE NUMBER: 010541/2018**
Notice is hereby given that the First and Final Liquidation and Distribution Account in the above Estate will lie for inspection at the office of the Master of the High Court, Bloemfontein and a duplicate thereof at the Office of the Magistrate, Lindley, for a period of 21 (Twenty One) days, with effect from 20 March 2020.
**METCALF, SAHD AND COMPANY**
**AGENT FOR THE EXECUTOR**
**P.O. BOX 127**
**8 GREY STREET**
**QUEENSTOWN**
**5320**







### LIFE IS GOOD ...
**I HAVE A HOUSE, CAR, BUSINESS AND PAID OFF ALL MY DEBTS**

I worked as a teacher for 29 years but had no money and was deep in debts. Dr Gitta wiped off my tears. He put R4 million into my bank account and to my house. Dr Gitta doesn't charge people, you can give him anything you want after all your problems are solved.
**Call, SMS or WhatsApp him for help on 063 261 5825**
K0708

### AANDAG BOERE
**VKB CASE WERKSWINKEL**
**RINGERSTRAAT 16**
**HEILBRON**
**Kontak MJ Lourens**
**079 696 2459**

### ROLSTOEL-PROJEK:
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

### BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com**

**VIR SNY-, HARK- EN BAALWERK.**
**Kontak**
**Evert Kleynhans**
**072 018 3685**

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
**Vir die beste transaksies en diens**
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

## TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen 079 040 0531**




**AANDAG: Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

## SPORTverslag

# Jackie behou sy kroon

## Klub moet sesuur sluit

Die boeroepswedders sou nie 'n kans wou vat om die wenner van Heilbron Gholfklub se kampioen verlede Saterdag te voorspel nie. Jackie Leonard wen die kampioenskap met 'n telling van 144 houe wat gelyk is aan baansyfer. Dit was die sewende keer dat hy gekroon word as die klub se kampioen. Riaan Schutte maak seker dat hy die B-afdeling se wenner is met bestendigde spel. Hy speel 166 houe oor 36 putjies. In die C-afdeling wys Pieter van Staden dat hy ernstig is oor sy nuwe stokperdjie, en wen die afdeling met 196 houe. Interessant dat die meeste deelnemers vanjaar in die senior afdeling was, dit is nou ouderdom 50 en ouer. John Watson eindig een hou beter as ouer boetie Abrie, en wen die beker met 79 houe. Abrie was die wenner van die HBA Monthly Mug met 'n netto telling van 68. Die dames-afdeling se kampioen is Christene Strydom met 105 houe. Star Slaghuis van Heilbron het vleispakke geborg vir die wenners.

Die regering het 'n verbod geplaas op die verkoop van drank by restaurante, klubs en kroeë na 18:00. Die Vrydag *Pokerdraw* is ook nou vervroeg na 17:30 om by die regulasie aan te pas. Daar sal ook Vrydae kroegetes bedien word vanaf 12:00 tot 15:00.

Môre is dit gewone spel, inskrywings is vervroeg na 11:00 vir afslaan 11:30.



*So lyk Heilbron Gholfklub se kampioene vir 2020 vl: Pieter van Staden (C-afdeling), Abrie Watson (HBA Mug Wenner), Riaan Schutte (B-afdeling), Christene Strydom (damesafdeling), John Watson (Senior Afdeling) en Jackie Leonard (Klub Kampioen en A-afdeling wenner).*

### JAARPROGRAM : 2020
### RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 18 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 24-27 APRIL | HUNTEX | |
| 23 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 30 MEI | BLOEMFONTEIN-INTERTAK SPORTSKIET | |
| 6 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 25 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 15 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 29 AUGUSTUS | BOSVELD OEFENING | 09:00 |
| 5 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 26 SEPTEMBER | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 3 OKTOBER | GROEPERING SKIET | 09:00 |
| 3 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 17 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTER STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2021 MOET NOU BETAAL WORD | |


Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 23 MAART 2020
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 24 MAART 2020
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudi van der Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

ROODEDRAAI Twee-Maandelikse veiling.
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

WOENSDAG - 25 MAART 2020
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 067 404 0690

ZEERUST : BESTORWE BOEDEL WYLE LM MANGOPE
Plaasimplemente & -toerusting
11:00, Pres. Lucas Mangope Woning, Zeerust
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

DONDERDAG - 26 MAART 2020
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 27 MAART 2020
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/[illegible]
Posbus 220, Frankfort 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

IS YOUR EMPLOYER PAYING YOU THE NATIONAL MINIMUM WAGE?

If you are not paid the national minimum wage of R20.76 per hour
- R18.68 per hour for farm and forestry workers
- R15.57 per hour for domestic workers
- R11.42 per hour for workers under the Expanded Public Works Programme

then dial the FREE IMPIMPA HOTLINE.

THE NATIONAL MINIMUM WAGE
A TOOL TO CLOSE THE WAGE GAP AND TO OVERCOME POVERTY



FREE IMPIMPA HOTLINE: *134*305#
DIAL THE FREE IMPIMPA HOTLINE AND FOLLOW THE PROMPTS

employment & labour
Department:
Employment and Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF EMPLOYMENT AND LABOUR, WORKING FOR YOU